Rapporteerbaar: Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters: Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste: Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste: Ja / Nee

**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Saak No: 14/09
Saak Aangehoor: 10/09/2012
Datum gelewer: 14/09/2012

In die saak tussen:

N W Williams — Appellant

en

Die Staat — Respondent

Coram: Williams et Olivier R

**UITSPRAAK**

**Olivier R:**

1]. Die appellant het in die Landdroshof te Victoria-Wes tereggestaan op ʼn aanklag van diefstal met inagneming van die bepalings van Wet 57 van 1959, met ander woorde kortweg veediefstal. Dit is hom ten laste gelê dat hy ʼn skaap gesteel het. Die appellant se pleit van onskuldig ten spyt, is hy op 15 Oktober 2008 skuldig bevind en gevonnis tot ʼn boete van R1 000,00 of 3 maande gevangenisstraf, welke vonnis in die geheel voorwaardelik opgeskort is. Die appellant kom nou met verlof van die landdros in hoër beroep teen sy skuldigbevinding.

2]. Die probleem is egter dat die verrigtinge nie volledig getranskribeer is nie. Die getranskribeerde oorkonde wemel van aantekeninge dat die verrigtinge daar onhoorbaar was en nie getranskribeer kon word nie. ’n Skrywe van die instansie verantwoordelik vir die transkripsie, Transcription Africa, lui soos volg:

"*Die opnames in hierdie aangeleentheid was uiters swak. Nie al die kanale neem korrek op nie. Die mikrofone blyk buite werking te wees, vandaar al die onhoorbare gedeeltes. Die oorkonde is na die beste van die transkribeerder se vermoë getranskribeer.*"

3]. Dit blyk nou dat ’n rekonstruksie van die betrokke gedeeltes ook nie moontlik gaan wees nie. Die landdros en aanklaer het nie meer enige notas nie en het beide onder eed verklaar dat hulle nie ’n bydrae tot ’n rekonstruksie sou kon lewer nie.

4]. Die prokureur wat namens die appellant die verhoor behartig het, is die enigste persoon wat nog oor notas beskik. Dit is egter slegs, in die geval van die staatsgetuies, van hulle hoofverhoor, en in die geval van die appellant en sy getuie van hulle getuienis onder kruisverhoor. Dié notas is ongelukkig nie getik nie en ons kon nie werklik daarin slaag om dit te lees nie. Dit sal egter na my oordeel nie werklik ’n doel dien om dit nou te laat tik nie, of om te gelas dat dit aan die landdros en die aanklaer beskikbaar gestel word om hulle insette daaroor te verkry in ’n poging om so die ontbrekende gedeeltes wat wel deur die betrokke notas gedek sou word, te probeer rekonstrueer, nie. Daar sal dan nog altyd substantiewe gedeeltes van die verrigtinge bly wat nie getranskribeer kan word

nie, insluitende veral dan die kruisverhoor van die twee staatsgetuies.

5]. Mnr Hollander, die advokaat vir die respondent, het reeds in vroeëre betoogshoofde al toegegee dat hy, weens die gebrekkige oorkonde, nie eers in staat sou wees om behoorlik te antwoord op die argumente vir die appellant nie.

6]. Ook namens die appellant is die betoog dat die appél bloot weens die gebrekkige oorkonde al te behoort te slaag.

7]. Ek meen ook dat dit nie moontlik is om op die oorkonde, in hierdie vorm en met hierdie gebreke, die appél behoorlik te oorweeg nie. ’n Enkele een of enige van ’n aantal van die ontbrekende antwoorde van die staatsgetuies in kruisverhoor kan, byvoorbeeld, ’n kardinale rol speel by beoordeling van of die landdros korrekte feite- en geloofwaardigheidsbevindinge gemaak het.

8]. Die appellant het ’n grondwetlike reg om, waar daar destyds aan hom verlof verleen is, sy appél voort te sit en dit te laat bereg. Die betrokke owerhede, aan die ander kant, het die verpligting om toe te sien dat rekords van sake so gemaak en bewaar word dat sulke regte uitgeoefen kan word. Dit het nie hier gebeur nie.

9]. Daar is geen aanduiding dat die appellant enige skuld hoegenaamd het aan hierdie toedrag van sake nie. Die skrywe van Transcription Africa maak dit duidelik dat die opname-toerusting foutief was; iets wat nie voor die deur van die appellant gelê kan word nie.

10]. Dit sou in elk geval ook nie gesê kon word dat die appellant met sy

appél gesloer het en so bygedra het tot die feit dat die landdros en die aanklaer nou ook nie meer kan help met 'n rekonstruksie nie. Dit blyk dat verlof tot appél alreeds op 19 Desember 2008, ongeveer 2 maande ná die skuldigbevinding en vonnis, aan die appellant toegestaan is. Sy prokureur het reeds op 22 Desember 2008 die Klerk van die Landdroshof versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van die oorkonde.

11]. Dit blyk egter dat die bogemelde skrywe van Transcription Africa, gerig aan die Klerk van die Hof, reeds op 20 November 2008 gedateer is. Dat die oorkonde gebrekkig was, moes dus van toe af al duidelik gewees het. Daar is egter geen aanduiding dat enigiets toe daaraan gedoen is nie.

12]. Volgens die lêerinhoud sou die appél toe op 11 Mei 2009 aangehoor word. Dit blyk nie duidelik wat op daardie datum gebeur het nie, maar op die een of ander stadium is daar egter versoek dat gepoog moes word om die ontbrekende gedeeltes te rekonstrueer. Presies wanneer dit was en wat daarna gebeur het, blyk ook nie uit die lêer nie.

13]. Die volgende wat wel blyk, is 'n skrywe van die appellant se destydse, en huidige, prokureur, wat gedateer is 7 April 2012, en waarvan die inhoud dit toe duidelik gemaak het dat 'n volledige, of selfs naastenby volledige, rekonstruksie nie moontlik gaan wees nie.

14]. Dié omstandighede laat eintlik nie hierdie Hof met veel van 'n keuse nie. Dit blyk gemenesaak te wees dat die twee staatsgetuies elk meerdere strydige verklarings afgelê het. Op die oog af was daardie

strydighede argumenteerbaar wesenlik, maar minstens sou die antwoorde in kruisverhoor oor, onder andere, daardie strydighede uiters relevant gewees het.

15]. Alhoewel dit moontlik nie in die omstandighede billik sou wees om finaal hieroor tot 'n bevinding te kom nie, lyk ook dit wat wel gelees kan word van die res van hierdie getuies se getuienis nie op die oog af na baie duidelike en probleemvrye getuienis nie.

16]. Dit volg dus dat die appél moet slaag en dat die skuldigbevinding, en gevolglik ook die vonnis, tersyde gestel sal moet word.

17]. Dit spreek vanself dat hierdie tipe gebeure en gevolg nie bevorderlik is vir die regspleging nie. Ek aanvaar egter dat die probleem met die toerusting op Victoria-Wes teen hierdie tyd al opgelos sou wees en ek meen dus dat verdere stappe van ons kant in hierdie verband nie nodig is nie.

18]. Die tersydestelling van die skuldigbevinding sal natuurlik ook nie op die meriete wees nie en dit sou dus teoreties gesproke die Staat vrystaan om weer 'n vervolging in te stel teen die appellant.

19]. In die omstandighede maak ek dan die volgende bevel hierin:

**Die appél slaag en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

________________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**

**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam.**

__________________________

**C C WILLIAMS**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Adv A G van Tonder** |
| **In opdrag van:** | **Len Coetzee Prokureurs, KIMBERLEY** |
| **Nms Respondent:** | **Adv Q Hollander** |
| **Namens:** | **Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY** |